Lekker verjaar:

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Erwee	Neill	02/25	023 316 1645	
Fourie	Herman	02/25	023 312 1454	27826783933
Smit	Hennie	02/25		27832634654
Van Schalkwyk	Jan	02/25	023 312 2678	27845158733
Conradie	Jannie	02/26	023 - 312 2289	27832707713
Geldenhuys	Ockie	02/26	023 312 2184	27824423717
Mostert	Rudolph	02/26	0233122599	27724641848
Schultz	Anita	02/26	0233122161	27828718102
Visagie	Wiesa	02/26	023 312 1427	
Swanepoel	JP	02/27		
Van Staden	Liam	02/27		
De Beer	Koos	02/28	023 316 1744	27824921399
Smit	Pieter	02/28	023 312 1210	27722189069
Stemmet	Marzanne	02/28		27832892083
Van Zyl	Juhani	02/28		
Van Zyl	Lizelle	02/28		
Wessels	André	02/29	0233122248	27833914577
Albertyn	Christoff	03/01	023 312 1492	27837189884
Hewitt	Karin	03/01	023 312 2872	27827717740
Mostert	Ziehan	03/01	0233122599	27837012709
Southey	Cindie	03/01		27720381944
Albertyn	Carina	03/02	023 312 1492	27827721000
Steyn	Jacqueline	03/02	023 312 2989	27832980927
Truter	Paul	03/02		27829289040
Van der Westhuizen	Dian	03/03	0823745095	27823745095

IN JESUS SE VOETSPORE

Nederduitse Gereformeerde Kerk Ceresvallei

Pastorie: Vosstraat 61, Ceres 6835 Tel: 023 312 1437
Kantoor: H/V Porter en Vosstraat, Posbus 67, Ceres 6835
(T) 023 312 1602 (F) 086 604 4260
(E-pos) ngkceresval@telkomsa.net
LET WEL: Die Bulletin is ook beskikbaar op die webwerf by: www.ngkceresvallei.co.za.
BANKBESONDERHEDE: ABSA Ceres, Tjekrekening nr 350580026

Bulletin 25 Februarie 2018

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

LYDENSWEEK 3

Spesiale welkom aan Ds Daan Wium wat vandag se erediens lei.
Ds Frankie en Madelein gaan saam die gemeente na die Gemeentekamp.

Teks: Johannes 5: 18-29
Fokusvers: Vers 25
Tema: Jesus laat dooies hoor!

Spesiale Offer: Gemeenteprojekte

VOORBIDDING

SIEKES: Christa Sauer, Nadia Kriel, Niel Swart, Christa Neethling-Pelser, Marie Swanepoel, Hannes Gericke

- Elsabé van Rensburg se moeder is oorlede. Begrafnis te Maudie Kriel is DV Maandag, 26/02/18 om 10:00.
- Dankie vir nuwe leierskap in Suid-Afrika sonder geweld en opstand.
- Bid vir nuwe president, sy raadgewers en ondersteunende personeel.
- Bid vir bereidheid om op individuele en plaaslike vlak te help werk vir 'n nuwe land vol hoop.
- Bid vir die uitwissing van korrupsie.
- Dankie vir reën wat reeds op soveel plekke geval het.
- Gemeenteraadvergadering 26/02/2018

Wêreldbiddag vir Vroue

Vrydag

2 Maart

Daar sal vanjaar geen formele diens gehou word nie. Dames, julle kan op Vrydag, 2 Maart op julle eie voorbidding doen of saam met groepe van julle keuse geleentheid skep om saam te bid. By die kerk se deure is daar gebedsonderwerpe beskikbaar waarvan jy kan neem. Dit staan jou ook vry om soos jy gelei word voorbidding te doen vir vroue in ons dorp, vallei, land en die groter wêreld. Die kerk sal Vrydag 2 Maart vanaf 8:00 – 10:00 oop wees, sou jy daar wil kom aanbid. Die sydeur aan Môredou se kant sal oop wees.

DIE EXPO IS VERBY!

Baie dankie vir elkeen wat meegewerk het aan hierdie groot geleentheid. Dankie vir julle samewerking en entoesiasme. Die Here het ons geseën op verskillende maniere-ons is dankbaar vir dit wat ons kon doen, die bydraes wat reeds uit die gemeente en Ruimtes ontvang is asook die bydraes wat nog uitstaande is. Ruimtes en gemeentelede kan nog 'n bydrae maak tot aan die einde van die kwartaal. Ons het nog produkte wat verwerk en verkoop kan word, wat ons graag sal wil doen.

Met hierdie gedagte wil ons jou graag uitnooi na die vergadering van 2 Maart 2018 om 10:00 tot 12:00. Sien uitnodiging onder.

Die doel van die vergadering is om “Valley of Abundance” in ons vallei bekend te stel. Valley of Abundance is ‘n nie-winsgewende organisasie wat begin het in die Drakenstein Vallei, Paarl area. Wat “Valley of Abundance” doen is om die volgende vier sektore nl. Besighede, Kerke, Munisipaliteite en Nie-winsgewende Organisasies te laat saamwerk tot voordeel van die hele streek. Dit is om al die mense bymekaar te bring, sodat daar beter dienslewering en verantwoordbaarheid kan wees vir mense wat die goeie werk in die gemeenskappe doen.

Die idee is om dit hier in die Witzenbergarea ook bekend te stel, want hier gebeur sulke mooi goed in ons area wat opheffing en sosiale ontwikkeling betref, maar ons weet nie altyd van mekaar nie. Daarom die inisiatief sodat ons kan saamwerk en sodat dit wat ons doen ‘n groter en blywende impak kan hê. Gaan lees gerus op Valley of Abundance se webtuiste wat hulle al gedoen het www.valleyofabundance.co.za

IMMERGROEN OUERSKAP KURSUS
CERES

Die registrasies vir kursus eindig 16 Maart. Kontak vir Isabella Bakkes.

Isabella Bakkes

IMMERGROEN OUERSKAP
FASILITEERDER/KONSULTANT
023-3123231 / 0833004340
isabella.bakkes@gmail.com

“In times of change, **learners** inherit the earth, while the learned find themselves beautifully equipped to deal with a world that no longer exists.”

Eric Hoffer –

VAKANSIEPROGRAM - BELLA VISTA

Daar word weer hierdie Aprilvakansie 'n uitreik na Bella Vista beplan van 2 - 4 April. Mense word benodig vir gebed, admin, speletjies asook groepleiers en beraders. Kontak asb. Susan Blomerus by blomerus@ceresmed.co.za of 083 267 7830.

OPWINDENDE GELEENTHEID VIR JUNIE-VAKANSIE!

Ons wil graag 'n groep van ons gemeente stuur na *Focus Africa* konferensie wat plaasvind 22 - 24 Junie 2018 in George.

Dit is 'n jaarlikse missionale konferensie waarby plaaslike kerke betrek word om 'n platform te skep vir missionale ervarings en inisiatiewe.

Gedurende en na afloop van die konferensie sal daar ook blootstelling wees aan korttermyn uitreike.

Gesinne met kinders is welkom - daar word aktiwiteite vir die kinders aangebied. Ek glo dit sal ons inspireer en toerus om 'n verskil in ons eie omgewing te kom maak.
Kontak Susan Blomerus as iemand belangstel.